Die Olielamp

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

REDAKSIONEEL

Hoe modern en gekant teen die Christendom ons kultuur ook al mag wees, ons hoef nie te doen asof iets vreemds oor ons kom nie (1 Pet. 4:12).

Dit lyk asof dié Bybelwoorde vir vandag geskryf is. Dit is natuurlik ook so, want is Christus en sy Woord en Gees nie by ons tot die voleinding van die wêreld nie?
Spoor Hy ons nie aan om die Woord gewillig aan te neem en daagliks na te gaan of dinge wel so is soos hulle aan ons voorgehou word nie (Hand. 17:11)? Gaan ons nog terug na die Bybel om te kyk wat God sê?

Hy druk dit ons op die hart om ons denke nie te laat oorheers deur eiewaan of deur die *kick* van die oomblik nie, maar om ons denke deur die Gees van Christus te laat vernuwe, sodat ons kan beproef wat die welgevallige en volmaakte wil van God is (Rom. 12:2).

Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op aarde is nie (Kol. 3:2). Hoe dikwels betrap ons nie onsself waar ons weer met ons eie 'belangrike' sakies besig is nie. Veral noudat dit weer vakansietyd is, is daar tyd om 'n paar goeie Christelike boeke te lees. Om tyd te neem om te lees is miskien geen kwessie van tyd nie, maar van prioriteit.

Persoonlike bekering hou ook in dat jy, in afhanklikheid van die Here, bereid is om die tydsgees te toets of dit uit God is (Joh. 4:1). Bekering konfronteer ons met die vraag of ons ons nie laat absorbeer en oorweldig deur 'n inligting- en vermaaklikheidskultuur nie, maar of ons tyd en energie wil belê in die Ryk van Christus.

Luister wat sê Prediker 11:9: "VERBLY jou, o jongeling in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë. Maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring." Ons jongmense mag vrolik wees en geniet dat ons jongmense in God se Koninkryk is.

Namens die Kaapse redaksie
Sjirk

Jaargang 7 nr 5, Junie 2003

INHOUD

Redaksioneel	1
Uit Die Woord	**2**
Psalm 130	2
Psalm 1	3
Op Pad	**4**
Versmoorde Christene?	4
Sielkunde en die Christen	5
Bybelstudie in die gemeente	6
Voel Jy Ook So?	**9**
Wat is dit nou: skepping of evolusie?	9
RE: Re: The Passion	11
Deur Die Sleutelgat	**13**
Voetspore	**14**
Nog Iets	**16**
'n Stukkie navorsing toon…	16

UIT DIE WOORD

PSALM 130

Jan Lubbinge

Psalm 130 is een van die bedevaartliedere of boetepsalms wat ons in die Bybel kry. Hierdie psalms handel oor die belydenis van die sondes en dat slegs *God* dit van ons kan wegneem deur die sterwe van Jesus Christus aan die kruis.

Die psalmis begin psalm 130 dan ook met die hulproep tot die Here, omdat hy in Hom glo en omdat hy besef dit is sy enigste redding. Die roepstem word herhaal, ja, dit word selfs 'n smeking. Die smeking is as gevolg van die sondes wat die mens elke dag weer doen en teen moet stry. Op grond van ons sondes hoef God glad nie na ons te luister nie. Daar word klem gelê op die mens se verdorwenheid vanweë sy sondige natuur en nie soseer vanweë die enkele sondes wat hy doen nie. Die mens kan nog probeer om iets aan sy sondige *dade* te doen, maar kan niks meer aan sy sondige *natuur* doen nie as om God te vra om vergewing. As ons vergelyk word met iemand wat in die hof geoordeel moet word deur die regter, die HERE, sal ons almal die vonnis "Skuldig!" moet ontvang.

In vers 4 wys die psalmis ons dat God nie 'n hartelose regter is nie, omdat ons sondes deur Hom vergewe word. Hy spreek ons vry ten spyte daarvan dat ons skuldig is. God het "egte vergifnis"; Hy vergewe en vergeet. God sal jou nie weer aan jou sondes herinner soos ons dit somtyds doen nie. Sy vergifnis is volkome en daarom moet ons vir Hom ontsag hê. Daarom moet ons Hom aanbid en Hom dank.

Nie net die vergewing van sondes word verlang nie, maar daar is ook die verlange om naby God te wees. Die psalmskrywer se intense verlange word vergelyk met nagwagte wat op die môre wag. By tye voel dit asof die môre nooit gaan kom nie. Ons kan by tye ook so twyfel aan God of die beloftes, maar so seker as wat die wagters weet die dag sal kom, so seker mag ons ook weet dat God bestaan en Hy sal terugkom.

In vers 7 word die belofte van vergewing ook aan die volk gegee. Die volk word opgeroep om slegs op die HERE te vertrou, wat die enigste hoop is op vergewing. Die belofte dat die HERE die volk sal verlos deur die losprys self te betaal, word weer gegee. Dit wys ons op die koms van Christus. Die beginwoorde van die psalm word in Jesus se woorde aan die kruis ook gehoor: "My God, My God, waarom het U my verlaat?". Met die wete dat al ons sondes slegs uit genade deur Jesus se sterwe vergewe is, mag ons saam met Paulus (1 Kor. 15:54,55) bely: "Die dood is verslind in die oorwinning. Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?"

REDAKSIES:

Pretoria:
Redaktrise: Tanya de Vente
Sekretaresse: Petra Ros
Lede: Wilma Lubbinge
Arjan van Houwelingen
Marius Bijker
Illustrasies: Alex van Houwelingen

Maranata:
Redaktrise: Cora Visser
Penningmeesteresse: Linda de Vente
Sekretaresse: Marie-Louise van den Bout
Lede: Johan de Vente
Thys van der Hout
Elizabeth Aartsma

Kaapstad:
Redakteur – Sjirk Geerts
Artikelversorger - Corrien Geleynse
Artikelversorger – Carina van Alten
Teksversorging - Sandra Scheltens
Sekretaresse - Lieneke Eefting
Finansies - Albert Drijfhout

Administrasie & uitleg:
Willemien Kleijn – willy_k@absamail.co.za
Arjan Bijker – bijker@absamail.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee.
Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

PSALM 1

Marthie Breytenbach

Veels geluk
Die regverdige kan gelukgewens word met sy leefwyse. Ons kan in hierdie psalm die redes sien:

Opsomming
Die psalm kan in 3 dele verdeel word: vers 1-2, 3 en 4-6.
In die eerste deel sien ‘n mens hoe ‘n regverdige leef of nie leef nie. Die teenstelling word aangetoon deur die ‘maar’ aan die begin van vers 2.
Vers 3 sê hoekom die regverdige gelukgewens kan word. Dit is omdat hy leef met die lewenskragtigheid van ‘n boom wat altyd water het.
Vers 4 en 5 beklemtoon dit deurdat daar in teenstelling met die lewe van ‘n regverdige, die lewe van ‘n goddelose geskets word.
Vers 6 is ‘n samevatting van die hele psalm. Dit sê ook hoekom die regverdige se lewe met ‘n vrugbare boom vergelyk word. Hy ken God se weg.

Die regverdige
Die man kan geprys word, omdat hy die regte keuse gemaak het om nie saam met die spotters of sondaars te wandel nie. Hy loop nie saam met die wat nie God se onderwysing aanvaar nie. Daardie mense is deel van die regverdige se daaglikse lewe en hy het ‘n daaglikse stryd teen hulle. Die Here vra van ons om nooit die wêreld lief te hê nie. Daarom moet die regverdige afstand bring tussen hom en die goddelose. Daardeur moet hy sekere opofferings maak en buite die 'groep' bly staan.

Die wet
Die regverdige hou hom by die Wet van God. In Hebreeus is die woord ‘thara’, wat beter vertaal kan word met "die onderwysing van God vir sy volk". Dit sluit sy Wet en sy beloftes in. Die regverdige is vir Hom ‘n saak van blydskap. So moet dit ook vir ons wees.

Die waterstrome
Die waterstrome waarvan hier gepraat word, is mensgemaakte kanaaltjies. Dit het regdeur die jaar water en sorg dat die boom altyd vrugbaar is. Die boom sal elke jaar vrugte dra en dus 'n beeld van lewenskrag uitdra. So is die regverdige ook, want hy hou vas aan God as sy lewenskrag. Al lyk die werk van die regverdige soms soos 'n mislukking, is dit nie tevergeefs nie, want Christus gebruik dit om sy Koninkryk op te bou.

Die kaf
Die goddelose word vergelyk met nuttelose materiaal wat niks weeg nie. Omdat hulle sulke nuttelose materiaal is, kan hulle nie bly staan as God sy oordeel gaan voltrek nie. Deurdat hulle nie aan God vashou nie, ervaar hulle nie daardie krag wat die regverdige ervaar nie.

God se kinders
God se kinders is dié wat God en sy Woord liefhet en daarvolgens leef. Die sondaars sal uit hul gemeenskap verwyder word. Die weg is die beeld vir die lewe van sy kinders. God bekommer Hom oor hulle en versorg hulle deur sy liefde en genade.

Bronne: *Gods liedboek voor Zijn volk*
Tekst voor teks

VERSMOORDE CHRISTENE?

Marius Bijker

Geloofsbelewing speel 'n groot rol in die wêreld van vandag. Wat is ons standpunt daaroor en waar vind mens ware geloofsbelewing?

Kom ons definieer eers wat die wêreld sien as geloofsbelewing sien. In hul oë is jy 'n ware Christen as jy van verskeie gebeurtenisse kan getuig oor hoe jy Christus in jou lewe ervaar het. Dit kan wees van 'n warm gevoel tot die spreek in tale. Die eerste vraag is natuurlik of dit skriftuurlik is. Hierdie tipe ervarings, glo ek, is steeds moontlik, alhoewel God Hom primêr deur sy Woord en Gees openbaar.

Hoe kan ons, as jeug van die VGK-kerke in Suid-Afrika, dan ons geloof uitleef? Waar is die perke van wat geoorloof is en wat wêrelds is? Persoonlik voel ek dat meeste van ons geleer is om meer te fokus op die dogma (skrif, teorie) van ons Christenlewe. Verder is ons bang om ons geloofservarings met ander te deel, terwyl ons medestudente en vriende so maklik oor die geloof praat.

Is ons miskien 'versmoorde' Christene, wat alle tipe geloofservarings onderdruk? Hoekom kan ons nie meer palms sing met 'n glimlag op ons gesigte nie? As ons Nagmaal toe gaan (vir die wat reeds belydenis gedoen het), hoekom kan ons nie bietjie emosie wys vir ons medegelowiges in die kerk nie? As ons by die kerk uitstap, behoort ons tog van

blydskap uit te straal, want ons het so pas DIE lewensboodskap van ons Vader, Skepper en Verlosser opnuut verkry...

Nou begin julle seker vrae te vra. Wat van al die ou ooms en tannies in die kerk wat ons gaan skeef aankyk as ons uit die kerk huppel? Dit is miskien bietjie ekstreem, maar ek dink julle sal verstaan waaroor dit gaan. Kom ons begin weer opnuut bly raak in die Evangelie van Verlossing. Ons mag God se kinders wees, Hy wil ons Vader wees. Hy wil ons van hierdie aardse verderf red en beskerm – hoekom is ons bang oor te veel geloofsbelewing?

Dus ja, kom ons probeer almal om meer te fokus op die lewensboodskap wat aan ons toevertrou is. Ek weet dit is makliker gesê as gedaan, maar almal van ons weet dat ons moet getuig van ons geloof – onder mekaar en ook met ander. Kom ons vat hande in die geloof en vernuwe weereens ons hemelse skat waarin ons deel.

Hoekom sal ons dan nog leef vir aardse skatte? Alle aardse skatte saam kom nie eers naby aan die Ewige Skat wat Christus vir ons verdien het nie. Hoe kan ons dan steeds verskonings vir onsself uitdink dat ons nie die tyd, krag en energie het om vir Hom te lewe nie? Wie het eerstens al ons tyd vir ons gegee? Onthou, Hy is die landbouer en ons die lote, Hy wil sien dat ons vrug dra tot eer van Hom. Hy wil sien hoe ons ook steeds in sy genade leef, tot sy eer. Laasgenoemde is dus dat ons geloofsbelewing, van watter vorm ook al, eerbiedig moet bly, en dat Hy steeds die fokuspunt bly. Nie ons of ons wonderlike selfone, karre en aardse pret nie. (Nee, aardse pret is nie verkeerd nie, dit gaan hier oor die fokus).

Nou ja, ek weet dat baie mense kritiek hierop sal lewer. Stellings soos dat die VGK al meer as 50 jaar bestaan sonder enige 'wêreldse' geloofsbelewenis, sal miskien op tafel kom. Ek wil nie sê dat ons mede-Christene se belewenis meer of beter as ons s'n is nie, inteendeel, maar ek wil wel beklemtoon dat dit hoegenaamd nie verkeerd is om bietjie emosie te wys oor jou verlossing nie...

SIELKUNDE EN DIE CHRISTEN

Lesing deur Anita Bron

'n Belangrike aspek in ons lewe is aanvaarding – van onsself en die mense rondom ons. God aanvaar jou soos jy is, in watter stadium van jou lewe jy ook mag verkeer. Jy kan met jou sielsprobleme na Hom toe gaan en weet dat jy altyd verhoor word. Ons weet dit uit geloof en Bybelkennis, wat 'n belangrike rol in 'n Christen se lewe speel.

'n Paar vrae wat ons bespreek het:
Het berading 'n plek in die mens se lewe?
(Gen. 1:26-30, Gen. 2:15-25, Gen. 3, Ps. 119)
In die paradys het God dadelik met die mens gepraat. Hy het definitiewe opdragte aan Adam en Eva, en dus ook aan ons, gegee. Hulle het geweet wat God van hulle verwag. Daar het verhoudings ontstaan tussen God, die mens en die natuur wat in harmonie met mekaar was. Die mens was perfek geskape, maar daar was nog plek vir groei. Pas in die Hemel gaan ons heeltemal perfek wees. Daar is verskillende berading: God se raad en die satan se raad (wat gelei het tot die sondeval). Dan die vraag: wat is normaal? Kyk na Ps. 1: "Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose nie … maar sy behae is in die Wet van die Here, en hy oordink sy Wet dag en nag." 'n Lewe sonder sonde en waar daar ook geen dood meer is nie!

Wat sê die wetenskap van ons gedrag?
Hoe sou ons dit as Christen bekyk:

- ons het 'n sondige natuur
- ivloede ⇐dink aan ons verhouding met God/mens/natuur
- gevolg is 'n sondige reaksie

Die wetenskap (wêreld) vra die vraag: wie is die mens en wat is sy doel?
Hulle bekyk dit soos volg:

- altyd eers iets anders, dit wil sê invloede
- dan sal hulle dálk erken dat die mens sondig is

- die gevolg is 'n reaksie

Wat het dit nou met my te doen? (Lev. 19:15-17) Besef ons ons verantwoording teenoor mekaar? Ons beïnvloed mekaar, maar hoekom begelei ons mekaar nie eerder nie? Dit doen ons uit liefde … hoekom? Omdat God aan ons soveel liefde en genade betoon het.

Wat is die verhouding tussen die mens se siel, gees, liggaan, hart, verstand, gedrag?
Die siel en die gees kan nie geskei word nie en dit gaan saam met die liggaam. Die gees word dikwels teenoor die liggaam gestel, waar die Heilige Gees 'n groot rol speel. Die liggaam stel bloot wat in die hart aangaan, die eie ek – vír of téén God. Die hart beïnvloed ook die verstand, wat dan weer 'n gedrag stimuleer. Dit is wel duidelik dat alles saam een geheel vorm. Maar waar kom emosie dan in? Emosie is dikwels die eerste reaksie as gevolg van wat met die hart (siel+gees+hart) en die liggaam gebeur. Elke persoon is 'n individu wat selfstandig kan handel wat ook al sy karakter of temperament is. Die vraag is net: gaan alles om God te eer of tot eie selfverhoging?

Ten laaste: die brein?!
Die brein kan baie dinge beheer, selfs die feit dat jy sekere komplikasies ontwikkel of nie, dit val natuurlik weer saam met die hart, siel, gees, liggaam …

BYBELSTUDIE IN DIE GEMEENTE

Ds. E. Viljoen

Baie van ons het 'n probleem met ons Bybellees. Alles wat ons lees, is vir die meeste van ons so bekend. Dit is só anders as met iemand wat dalk pas die Here leer ken het. Vir hulle is dit alles nuut. Wêrelde gaan vir hulle oop. Daardie "blinkheid" is vir die meeste van ons dikwels weg. Ons ken soveel van die Bybel. Die verhale van die Ou Testament. Die Psalms word gelees en gesing. Groot gedeeltes van die Nuwe Testament is vir ons bekende tekste.

En dan kan jy gou die gevoel kry: "Dit sê vir my nog so min". Vir die soveelste keer lees ek van Abraham, maar hy het nou nog

nie by die beloofde land uitgekom nie. Dit kan dan vir ons maklik iets word soos "ou nuus". Daarteen loop ons ons maklik vas. En vir meer as een van ons kan dit werklik nie net vasloop wees nie. Dit kan 'n doodloopstraat word. Die seën van lees en lewe uit die Woord van die Here kan verdwyn.

Hoe lees ons?
Een van die belangrikste oorsake vir ons "vasloop" is volgens my die **manier** waarop ons lees. Dit gaan daaroor dat ons meesal opgevoed is om 'n teksgedeelte te benader vanuit die vlak van "begrip". Wat ek daarmee bedoel is: dit gaan vir ons daaroor dat ons so ongeveer probeer vasstel waaroor dit in die gedeelte gaan. Ons sorg dat ons mooi vertroud is met die inligting wat daar gegee word. As dit baie goed gaan, probeer ons verstaan waar dit inpas by die **leer van die kerk**. Ons probeer seker maak dat dit wat ons verstaan nie op enige manier dit wat ons reeds glo, weerspreek nie. Ons voel bevestig in wat ons self reeds ken/verstaan/glo. En dan is dit klaar.

My oortuiging is dat ons dan dikwels te gou klaar is. Ons lees die Bybel sonder dat **ons self daarby betrokke** is. Sonder dat ons

deel is van die "verhaal" van die Bybel. Ek lees as toeskouer en nie as betrokkene nie. Daarme bedoel ek dat ons nie lees met die **verwagting** dat dit in die Bybel ook werklik oor **my** gaan nie.

Wat is die Bybel?

As ons wil verstaan wat dit beteken dat die Bybel ook werklik oor ons gaan, moet ons in alle eenvoud weer besef wat die Bybel is. Die Bybel is 'n boek. 'n Boek van **ons** hemelse Vader. Ook 'n boek wat handel oor **ons** hemelse Vader. Daarom is dit 'n betroubare en **geloofwaardige** boek. Dit is betroubaar, omdat God self betroubaar is. Hierdie Boek wil gelees word! En God wil vir ons daardeur **geloof** gee (2 Tim. 3:16-17). Dit word "die Woord" genoem, omdat dit God is wat daarin praat; dit word "Skrif" genoem, omdat dit geskryf is om gelees te word (*L. Lindeboom)*.

Die Bybel is 'n boek met 'n adres. Dit is nie bedoel vir "ander mense" nie. Dit is ook vir **jou** bedoel! Heel persoonlik! In die Bybel kom nie "iets" na jou toe nie, maar Iemand – soos dit is met alle briewe! En die Bybel is God se liefdesbrief aan sy gemeente! Die "adres" van Bybel is juis die hele gemeente van die Here – waar ook jy 'n plek gekry het! Dit is nie om te lees uit pure nuuskierigheid nie. Ons sal die Bybel moet lees met liefde vir die Here en verwagting dat Hy met jou sal praat. Soos Samuel leer doen het in die tyd van die Rigters: "Spreek, Here, u dienskneg luister".

Die Bybel wil dus geglo word. God wil vir ons vertroue in Hom gee deur hierdie boek. Die Woord word daarom die "waarheid" genoem (Joh. 17:17). So begin die Here met Abraham – die Here sê vir Abraham wat Hy met en vir hom gaan doen (Gen. 12:1-3). En met vertroue in wat die Here gesê het, trek Abram weg: "Toe het Abraham weggetrek soos die Here hom gesê het…" (Gen. 12:4). Die Here wil ons geloof gee deur sy Woord (2 Tim. 3:16)!

Hoe lees ons? Ons houding wanneer ons lees

Hier noem ek sommer 'n paar dinge wat ons in ag moet neem wanneer ons die Bybel lees:

- 2 Petrus 1:20 – "terwyl julle veral dít moet weet dat geen profesie van die Skrif 'n eiemagtige uitlegging toelaat nie". Deur die Heilige Gees gedrewe het die heilige manne van God geprofeteer. Dit beteken die Bybel is die boek van die Heilige Gees. Die implikasie vir ons Bybellees is dat ons in gebed afhanklik van die Heilige Gees sal lees. Alle regte lees van die Bybel begin met gebed. Daarmee neem ek die regte houding in voor die Here. Ek bely my AFHANKLIKHEID en stel my ONTVANKLIK op voor die Here.
- Die Bybel moet nie hanteer word as 'n ensiklopedie oor die "geloof" nie. Ek kan nie die Bybel gebruik as "naslaanwerk" vir my vrae oor die geloof nie. Die Bybel handel nie soveel "oor" die geloof nie, as wat dit ons geloof wil ***gee***. Ons kan daarom nie die Bybel gaan lees vanuit die perspektief van my krisisse in die lewe nie. Dink aan Israel wat die ark van die Here na die slagveld wou aandra. Hulle wou die Here voor die karretjie van hul lewenskrisisse inspan. Die ark (waarin die Woord op kliptafels gegraveer gelê het!) moes voor die volk uittrek. Die volk moes in vertroue volg waarheen hierdie ark gelei het. Só gee die Bybel geen oplossings vir my lewensvrae nie, maar wil my in vertroue op die Here laat leef. Hy sal die stryd vir ons stry. Ons groot nood is om in vertroue op die Here te gaan leef. Daarvoor is die Skrif vir ons gegee! Indien ek die Bybel as probleemoplosser wil lees, sal ek nie die "nut van die Skrifte" (2 Tim. 3:16-17) verstaan nie en telkens teleurgesteld en gefrustreerd met die Bybel wees.
- Oppas vir ons eiewyse vrae aan die Skrif – 'n dwaas kan meer vrae vra as

wat 'n wyse kan beantwoord. Deut. 29:29 – "die verborge dinge is vir God, die geopenbaarde dinge vir ons en ons kinders om te doen".

- Mattheüs 13:52 lees wel met verwagting/"nuuskierigheid" – om te hoor hoe die Here Homself in die gedeelte bekend maak en hoe ek daarmee kan gaan leef TE MIDDE VAN MY NOOD, SONDESTRYD EN WORSTELINGE. Abraham het deur die geloof weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom (Hebr. 11:8). Hy het sy seun gaan offer sonder om te weet hoe die oplossing vir sy nood gegee sou word (Gen. 22). Hy het vertrou op God wat selfs mag het om uit die dood op te wek (Heb. 11:17-19).
- Verwag om die Here beter te leer ken!
- Verwag dat die Here vir jou vernuwing in jou lewe sal gee.
- Moet nie bloot inlees "wat ek dink/weet/voel" nie. Die Woord van die Here wil juis "van buite my lewe" daarin kom met 'n boodskap "van bo"!

Ontwikkel 'n eie metode

Hier wil ek slegs enkele riglyne gee wat julle kan help om 'n eie metode te ontwikkel.

- Lees wat daar staan! Die goue reël is: "Om te verstaan wat jy lees, moet jy lees wat daar staan."
- Gebruik ander betroubare vertalings. Lees gerus die NAV, NIV en KJV. Wat is die doel hiervan? Mens hoor die teks dikwels op díe manier totaal "nuut".
- Gebruik 'n konkordansie – kyk wat dieselfde woord op baie ander plekke in die Bybel beteken en hoe en of dit jou help om meer insig in die teksvers te kry.
- Die Bybel is presies dit – 'n "biblioteek", 'n saambundel van verskillende boeke. Die Griekse woord "biblia" beteken "boeke". Die Bybel self praat van die "skrifte", meervoud. Nie een van ons lees 'n roman soos ons 'n gedig sal lees nie. Laat ons daarom ook nie die Psalms lees soos ons gelykenisse sal lees of die briewe van Paulus asof dit die Spreuke van Salomo is nie. Paulus (e.a.) se briewe is "geleentheidsgeskrifte"; probeer uit die briewe self nagaan met watter doel dit geskryf is (vgl. 2 Pet. 1:12-15).
- Die Bybel is ook een. Die Skrif verwys na Homself as een Skrif. Vergelyk daarom altyd wat in een gedeelte staan met wat ons in ander gedeeltes lees.
- Probeer 'n boek in een keer deurlees vir 'n begin.
- Stel vrae aan die gedeelte wat jy gelees het, soos: Van wie word hier gepraat? Wat beteken hierdie uitdrukking? Wat beteken hierdie woord? Vir wie sê die skrywer dit? In watter tyd van die geskiedenis van Israel vind dit plaas? Wat is die agtergrond waarteen Paulus sy brief skryf? Waarom was dit nodig dat hy die brief moes skryf? Dié vrae kan vermenigvuldig word!

Persoonlike betrokkenheid

In wat volg, wil ek iets heel kort gee aan die hand waarvan ek dink ons die Bybel kan lees op 'n manier waardeur ons die Here se persoonlike betrokkenheid by ons lewens sal leer raaksien. Dit is vrae waardeur ons kan leer sien dat die Here vir ons geloof en vertroue in Hom wil gee:

- Wat tref my en spreek my aan in die gedeelte?
- Wat verstaan ek nie?
- Wat leer hierdie gedeelte oor God?
- Hoe bring die gedeelte die mens ter sprake, bv. die kerk, volk van God, sondaar, regverdige, ens.
- Watter tipiese situasie(s) in my lewe bring die gedeelte ter sprake?
- Wat leer die gedeelte my oor Christus, m.aw. hoe word die

genade van die Here duidelik uit hierdie gedeelte?
- Hoe versterk die Here my geloof in die gedeelte?
- Wat wil die Here hê moet ek doen, n.a.v. die teksvers(e)?
- Wat/hoe sal ek bid n.a.v. die gedeelte? M.a.w. wat gaan ek bely, vra, sê teenoor die Here? Dalk bring dit tot lof, verootmoediging, blydskap, ens.

Voel jy ook so?

WAT IS DIT NOU: SKEPPING OF EVOLUSIE?

Sjirk Geerts

Maan toe

Toe die eerste ruimtevlug van stapel gestuur sou word, het die evolusioniste (mense wat in evolusie glo) beweer dat die maan miljoene jare oud is, en dat daar dus 'n laag stof van enkele meters moes wees. Dié stof is afkomstig van meteore wat op die maan te pletter geval het omdat die maan geen dampkring het nie. Die landingstoestelle is met spesiale dravlakke toegerus. Die kreasioniste (mense wat in die skepping glo) het gesê: "Julle kan die geld maar spaar, die maan is hoogstens tienduisend jaar oud en daar sal nie veel meer as 'n sentimeter stof lê nie". En wat vind hulle toe? Nie veel meer as een sentimeter stof nie.

Dis net een van vele stories oor evolusie. Is dit nou skepping of evolusie? Kom ons kyk wat sê evolusie en of dit enige waarheid inhou.

Twee pilare

Evolusie sê die volgende: daar was eers geen lewe op aarde nie. Toe word eenvoudige selle gevorm. Oor miljoene jare het dit ontwikkel in komplekse selle en organismes en uiteindelik in die mens. Om dit te kan bewys, moet evolusioniste twee dinge kan bewys:

1. Lewe kan ontstaan uit nie-lewe.
2. Oorgang van 'n laer na 'n hoër organisme kan plaasvind.

As dit egter nie die geval is nie, het evolusie geen been om op te staan nie.

Ons moet eers onderskei tussen makro- en mikro-evolusie. Mikro-evolusie is die klein veranderinge wat dierspesies met verloop van tyd ondergaan. Ons sien dit om ons gebeur; gewoonlik gaan dié soort egter agteruit as gevolg van aanpassings en nie vooruit soos evolusie beweer nie. Die punt van twis is die makro-evolusie, want volgens makro-evolusie het die mens uit 'n enkele sel ontstaan.

Lewe uit nie-lewe

Dat 'n eenvoudige organisme skielik gevorm is, glo die evolusioniste nie meer nie. Maar wat as 'n enkele sel ontstaan het en ons gee dit miljoene jare om te gebeur – sou dit nie moontlik wees nie? Evolusioniste sal met volle oortuiging ja sê, maar hoe, dit weet hulle nie. Is evolusie nie veronderstel om die 'hoe' deel te verklaar nie?

Oorgang van 'n laer na'n hoër organisme
Indien dit waar sou wees, moes daar letterlik miljoene tussensoorte gewees het. Darwin kon nog beweer dat die fossielrekord nie volledig is nie, maar vandag beweer die evolusioniste dat die fossielrekord byna volledig is. Hoewel daar in die British Museum of Natural History meer as 60 miljoen fossiele is, is daar geen oorgangsvorme nie. Evolusie beskou egter sekere fossiele as oorgangsvorme, soos byvoorbeeld die Archaeopteryx (oorgangsvorm tussen die dinosaurusse en voëls), wat die beste oorgangsvorm moet wees, maar wat reeds 'n volledig funksionerende voël is!

Geen gewone oorgangsvorm nodig nie?
Weens die gebrek aan oorgangsvorme het Gould en Elridge in 1972 'n teorie voorgestel genaamd "punctuated equilibrium", waarvolgens evolusie met sogenaamde rukbewegings sou plaasvind en nie van oorgangsvorme gebruik maak nie. Noudat geen bewyse vir evolusie gevind kan word nie, is hulle skielik nie meer nodig nie!

Hoe word die ouderdom van fossiele bepaal?
Die ouderdom van fossiele – hoe word dit bepaal? Die ouderdom van die fossiele word bepaal deur die ouderdom van die gesteente. Hoe word die ouderdom van die gesteente bepaal? Ja, jy sal dit nooit kan raai nie! Deur die ouderdom van die fossiele, want die oudste fossiele lê onder. Maar nêrens op aarde lê al die aardlae mooi onder mekaar, met die eenvoudigste organismes onder in die oudste lae en die hoër organismes in die jongste lae nie. In die lae wat as die oudste beskou word, sien mens reeds al die hoofafdelings van die diereryk verteenwoordig, behalwe die gewerweldes. Hulle kom reeds in die volgende lae voor, sonder aanwysbare tussenvorme.

Koolstofdatering
Maar wat van koolstofdatering? Evolusioniste noem dit die natuur se klok. Deur die halfleeftyd van koolstof te bepaal, kan hulle uitwerk hoe lank dit moes geneem het vir die koolstofvlak om te daal tot waar dit vandag is. Om die ouderdom daarvan af te lei, moet jy egter weet hoeveel koolstof daar oorspronklik was en of die omsetsnelheid dieselfde gebly het. Nie een van die twee kan egter met sekerheid gesê word nie. Net in die laaste 100 jaar al het die vlak van koolstof tot 14 gedaal weens die verbranding van steenkool.

Daar word dus growwe aannames gemaak en koolstofdatering is feitlik sinloos. Daar is talle voorbeelde waar 'n onwetende evolusionis 'n stuk lawa se ouderdom op miljoene jare bereken het, terwyl dit slegs 'n paar honderd jaar oud is.

Volgens evolusie sou die dinosaurusse reeds uitgesterf het voordat die mens ontwikkel het. Maar wat het hulle aan die oewer van die Palaxyrivier in Texas gekry? Fossiele wat spore van mense én dinosaurusse bevat wat oormekaar lê. Die evolusioniste het egter ingewikkelde teorieë uitgedink om dit te verklaar.

Is evolusie wetenskaplik?
Miskien het jy geleer dat evolusie gebaseer is op moderne wetenskaplike ondersoek en dat dit dus "wetenskaplik" is. Die geloof in 'n skepping is godsdienstig en dus onwetenskaplik. Die evolusiegeloof is glad nie modern nie. Dit is destyds al deur die Egiptenare en Grieke aanvaar. Darwin self het reeds in evolusie geglo voor hy met sy ondersoeke begin het. Hy het dus nie deur sy navorsing tot die geloof in evolusie gekom nie. En niemand glo meer in die teorie soos hy dit opgestel het nie. In sy tyd het die mense ook nie al die feite geken wat in stryd is met evolusie nie en was evolusie meer aanneemlik.
Hoe meer mens daaroor lees, hoe meer kom jy tot die besef dat evolusie nie soseer op wetenskaplike resultate gegrond is nie, maar eerder op humanistiese en filosofiese stellings en aannames.

Mens dink dikwels dat alle wetenskaplikes in evolusie glo. Al ooit gehoor van Lord Kelvin, Louis Pasteur of Faraday? Of meer onlangs, van prof. Wilder Smith of van N. Moore? Almal bekende wetenskaplikes wat in die skepping glo.

Vrae
Wanneer jy met iemand in aanraking kom wat in evolusie glo, vra hom of hy 'n paar voorbeelde kan gee van evolusie vandag? Hy sal waarskynlik begin met stories oor mikro-evolusie. Vra hom oor makro-evolusie en hy sal beweer dit gebeur te stadig. Maak maar

die gevolgtrekking dat in al die duisende jare die mens nog nooit evolusie sien gebeur het nie.

Of vra 'n bietjie hoe die fossiele vir ons wys dat plante en diere uit dieselfde voorvader ontstaan het en dus aan mekaar verwant is? Of hoe wys die fossiele dat blomplante geleidelik uit laer plante ontstaan het? Hy kan óf die vrae systap en met verskillende teorieë vorendag kom óf eenvoudig erken dat sulke fossielaanwysings glad nie bestaan nie.

Verder beweer evolusie dat uit 'n toestand van wanorde 'n steeds groter orde en ingewikkelder vorme ontwikkel. Ons kan egter om ons heen sien dat die heelal soos 'n opgewende wekker is wat stadig afloop.

Gevolgtrekking

Die twee pilare waarop evolusie gebou is, se bewyse is maar baie swak. Gevolglik kom evolusioniste met ander verklarende teorieë wat aanneem dat evolusie 'n feit is, waarvan die "punctuated equilibrium" een is.

Wat is dit dus nou: skepping of evolusie? Dit hang af van die ander vraag: "Glo jy dat die Bybel die geïnspireerde Woord van God is?" So nie, verwerp jy die feit van die skepping soos God dit aan ons geopenbaar het. Dan bly daar niks anders oor as die primitiewe, heidense evolusiegeloof nie. Glo moet jy in elk geval. Dit doen jy nie slegs in die kerk nie.

Bronne
1.A.M. Rehwinkel D*e Zondvloed*
2. Dr. W.J. Ouweneel *Wat is het nu: schepping of evolutie?*
3. *Reformed perspective: Scientific reasons to be against evolution*

RE: RE: THE PASSION

Alex van Houwelingen

In die vorige uitgawe van die Olielamp was daar reaksie op die artikel *The Passion*, die film van Mel Gibson wat oor die laaste ure van Christus op aarde gaan. By die lees van die reaksie kom dit egter voor asof daar nog verduideliking en toeligting nodig is. Vandaar hierdie artikel. Hier gaan dit nie soseer oor die film nie, maar oor die uitbeelding van Jesus in enige kunsvorm.

Die groot rede wat sr. Erica Bijker gebruik by haar stawing dat alle afbeeldings van Christus, ook van sy menswees op aarde, verkeerd is, is die feit dat ons nie weet hoe Jesus gelyk het nie en dit daarom nie waarheidsgetrou kan wees nie. Dis waar dat mens die Godheid van Christus nie mag en kan uitbeeld nie, maar die vraag is nou of die Godheid ook uiterlik (die enigste waartoe 'n film, en veral 'n inkleurprent, pertinent in staat is) by Jesus sigbaar was. Hier kan mens konstateer dat dit nie die geval was nie. In Getsémané moes Judas by wyse van teken vir Jesus 'n soen gee sodat die soldate geweet het wie van die 12 mans wat daar was, Jesus is (Matt. 26:48, Mark. 14:44). Dit wys dat Hy soos 'n normale man van Galilea uit dié tyd gelyk het. Dit was vir die verloop van die Evangelie ook belangrik dat Jesus se Godheid nie sommer so uiterlik sigbaar was nie, want dan sou almal Hom sonder enige nadenke – slegs uit vrees – gevolg het, terwyl dit belangrik was dat die ware gelowiges Hom suiwer uit geloof sou volg.

Verder maak dit ook nie saak hoe Christus uiterlik gelyk het nie. Dit maak geen verskil aan die hele Evangelie nie. Christus het vir ons sondes gesterf en is ons Verlosser – dít is waaroor dit gaan. En ook oor dit wat Hy op aarde gesê en gedoen het, maar nie hoe Hy nou presies sou gelyk het nie. Daarom is die HK se vraag en antwoord 96 nie spesifiek van toepassing op beelde van die mens Jesus nie.

Dit gaan natuurlik ook daaroor hoe jy na so iets kyk. Mens kan sulke simboliek en afbeeldings slegs bekyk en verstaan vanuit 'n deeglike agtergrondkennis. God praat in Daniël van Homself as die "Oue van dae" (7:9, 7:13, 7:22). Verder word Christus dikwels 'n Lam genoem, word God in Openbaring beskryf in simboliese terme van edelgesteentes en 'n reënboog (Op. 4). Dit

skep ook definitief ‘n beeld in jou kop. Iets om jou te help met die verstaan van die Evangelie!

Die gesin H. Luijk Sr. (en ook Anja Luijk gebruik dié redenasie in die artikel oor CSV) het ‘n heel geldige en verstaanbare redenasie oor die uitbeelding van die lyding van Christus. Dit is dan ook ‘n punt waarmee baie duidelik saamgestem kan word. Maar kort daarna word gesê dat die “dokumentêr nie waarheidsgetrou kan wees nie”. Dat *The Passion* slegs uit beelde bestaan en nie met allerhande bykomstige woorde besprinkel is nie, is juis ‘n goeie ding. Met woorde (veral in ‘n uiters kommersiële taal soos Engels) sal daar hoogs waarskynlik baie eie versinsels insluip. Die film is slegs ‘n visuele kanttekening van die Bybel. Nie gelyk of bo die Bybel nie, slegs ‘n klein bykomstigheid. Mel Gibson is – om ‘n stelling te beaam – miskien glad nie deur die Heilige Gees geïnspireer nie, en daarom kan mens (soos al gesê) dit nie gelykstel aan die evangelies nie. Maar beteken dit dat iets wat nie direk deur die Heilige Gees geïnspireer is nie, per definisie verkeerd is?

Ons het, as dit goed is, ‘n kennis en geloof wat geen films soos *The Passion* nodig het nie. Maar as jy weet of voel jou geloof is sterk (iets wat mens tog in ‘n mate kan weet), en jy sien die Bybel as enigste ware Woord van God, kan ‘n film soos *The Passion* nie gesien word as verantwoordelike fliekgang nie? Want om te gaan fliek is ‘n realiteit onder die jeug. En daarom is dit juis nuttig om dié tema in hierdie jeugblad te behandel. Mens moet fliek miskien maar sien soos drank. Mens kan albei verantwoordelik hanteer. Te veel fliek is verkeerd. Anti-Christelike flieks moet nie gekyk word nie. Maar met ‘n sterk, ware kennis en ‘n nie-maklik-beïnvloedbare persoonlikheid hoef fliek nie noodwendig aksie *non grata* te wees nie. Veral nie as dit oor Christelike temas gaan nie.

Erica Bijker meen dat visuele beelde van Jesus (ook as mens) per definisie verkeerd is. Dat skilderye, films en ander beelde van die heilsfeite altyd fout is. Die rede daartoe word genoem uit vraag en antwoord 98. Dan word daar gesê dat mens se geloof slegs op grond van die gehoor (dus die lees van die Bybel) kan ontstaan. Hiermee word heeltemal saamgestem, want dit is ook logies. ‘n Geloof kan nie op grond van prente ontstaan nie. Maar is dit dan weereens nutteloos? Geloof is ‘n proses en skilderye en ook films kan daarin ‘n rol speel. Miskien ‘n klein rol, maar die kleinste aandeel kan nie onderskat word nie. En dink aan al die mense wat tydens Christus se leeftyd op aarde begin glo het na aanleiding van sy tekens (tekens = visueel). Was dit dan nie ware geloof nie? Die Heilige Gees kan maklik deur middel van ‘n visuele beeld in elk geval die belangstelling in die geloof opwek. Of ‘n ontsag sterker maak. Meerdere mense sê dat hulle by die besigtiging van byvoorbeeld die Sistynse Kapel waar Michelangelo die beroemde Creation of Adam geskilder het, geweldig onder die indruk van *God se grootheid* was. Omdat ons almal vandag kan lees, is die teorie dat visuele beelde verkeerd is omdat die boeke van die leke verkeerd is, nie hierop van toepassing nie. Die skildery bepaal nie die leer nie (nee, dit doen die Bybel), maar dit kan aanleiding gee om die Bybel nader te trek en te lees.

Die vraag wat ek nou wil vra aan die mense wat teen visuele Christelike beelde gekant is: het God nie die gawe van kunstenaar, akteur of regisseur met ‘n doel gegee nie? Hoe moet jy, byvoorbeeld as jy kunstenaar is, jou gawe gebruik? Jy moet – so neem ek aan – uitstaan as Christelike kunstenaar, en het dan ook die roeping en taak om die geloof, al is dit gebrekkig, oor te dra. Maar as die Evangelie (dit is: ons verlossing deur Christus) dan ‘n *not done*-tema in die kunste is, hoe moet jy

dan jou gawes in die teken van die Evangelie gebruik?

Daar sal nog slegs een geleentheid vir reaksie op hierdie artikel toegelaat word. Daarna word die debat gesluit. Pretoria redaksie.

Maak vas die *seatbelts* en *strap* vas die kletterpette, want hier volg 'n aksiebelaaide direkte uittreksel uit die verhaal van die aktiwiteit van die Jeug van die VGK Kaapstad.

Ons het weer in die afgelope paar weke 'n paar verjaarsdae gevier – sommmige minder opsigtelik as ander. Een van die meer gevierde verjaarsdae was seker dié van *nurse* Drijfhout, gereël deur haar goeie vriendin en glo my, *sister in crime*, Antoinette. Dit was in een van die Kaap se oulikste restourantjies, met genoeg vingerleklekkerkos om 'n weermag drie dae lank aan die lewe te hou. Ons redaksionele suster van oorkant die groot Vaal, Tanya, het ook hierdie fees bygewoon, en was verseker meer as een keer verstom oor die manier waarop die Capies *pool*stokke hanteer, waarvoor hulle *bar*stoele gebruik, en die hoeveelhede kos wat hulle in een enkele aand kan verduister. Anita, namens die hele Jeug hier neem ek dit op my skraal skouertjies om jou geluk te wens met die heuglike dag. So ook aan almal wie se name nou nie so direk genoem word nie. Mag die Here julle seën in die jaar wat voorlê, en mag daar baie rede tot skaterlag wees!

Dan was daar die episode wat skokgolwe deur die klein gemeenskappie van Jeug hier aan ons kant gestuur het. En nee, dit was nie die aardtrilling waaroor ons so opgewonde geraak het nie, onee! Dit het gebeur op een duister Sondagaand ná kerk terwyl ons onbesproke klompie jongelinge vredig aan die koffie was toe die ysingwekkende tyding ons bereik. Die susters Geleijnse kom toe aan met die nuus dat Jan toevallig verbygery het, reg voor hulle oë langs die pad gestop het, en twee duistere figure 'n *lift* aangebied het. Twee damesfigure, nogal. Dat daardie twee damespersone eintlik Magda en Corrien self was, sal ons ter wille van die humor maar verswyg... Dié twee dames was heel petrolbesparend te voet oppad na koffiedrink, sogenaamd om die kilojoules die stryd aan te sê.

Dan natuurlik was daar die langnaweek wat almal nou nog aan die gons het, en die glinstering van nostalgiese trane in 'n oog of twee bring. Selfs Pieter en Martyn het hulle by ons gevoeg om die Groot Kuier aan te pak. Omdat ons as gevolg van 'n gruwelike oordaad aan bagasie noodmaatreëls i.v.m. vervoer moes tref, het ons effens laat weggetrek op die uur en 'n half lange pad. Maar die gees was voortreflik, en die gesels wou maar net nie opdroog nie, sodat dit al goed oppad was na dagbreek toe voor die laaste kop die kussing getref en die laaste kletspraatjies oorgegaan het in die vredige, ligte gesnork van die uitgeputtes.

Daardie Saterdag was 'n fantastiese dag sodat ons besluit het om die bobbejane in die klowe te gaan rondjaag en die poele te gaan soek. Jan, julle ken hom ook as *Powerade*, het oudergewoonte die baan vir ons arme sukkelaars gebreek. Pieter het ons uit die goedheid van sy hart sy verkykertjie geleen om ons die kans te gun om bobbejane in hulle natuurlike habitat te aanskou. Chris-Jan het veiligheidshalwe sy *bazooka* saamgedra, maar het ongelukkig die slang gemis wat Anita en Corrien byna vanuit diepe skinderpraatjies tot buite bewussyn gehelp het. Magda het die geleentheid aangegryp om weer iets aan die lyn te doen, en ons agterosse in die slappelag gehad oor haar vinnige stappie en swaaiende arms. Antoinette het weer die tyd gebruik om ons in te lig oor haar bevindinge tydens die nabye inspeksie wat sy die vorige

aand op Lysbert (neeneenee, mens sê Líésbet) se kar se *tyres* van stapel gestuur het. Hester, onder die skuilnaam van Braambessie, het ons later die naweek gewys hoe mens nou eintlik krieket speel. Die braaivleisvuur van daardie aand het Maarten, Erik-Jan en Ewart weer geïnspireer tot vertellinge vir ons van groot nut en wat getuig van onbegryplik hoë intelligensie. Vir Carina en Hein moes ons om begryplike redes gedurig uit die donker hoekies probeer hou, en vir Anita van die rotse af, anders het sy ons nimlike geselskap versaak vir 'n boemelaars bestaan saam met haar slaapsak op 'n rots. Martyn het so tussen die pannekoek-met-*caramel*-etery van Sondagmiddag deur, sy beste gegee, maar kon die Kaapse kaarte konings en koninginne nie in die stof laat byt nie.

Ons het dié fantastiese nawekie afgesluit – ek kan ongelukkig weens die feit dat ek my medewerkers aan die blad van kosbare skryfspasie sal beroof, nie alle gebeure verhaal nie – met 'n dop in die *Bushpub*. 'n Baie gepaste manier, gesien die feit dat ons die hele naweek lank in goeie gesondheid die die *bush* oorleef het in die totale afwesigheid van elektrisiteit.

Die jongste Kaapse fees was ter herinnering aan die dag waarop Antoinette gebore is, donkiejare gelede... (grappie, Antoinette!!). Was dit weereens nie 'n heuglike tyd van goeie geselskap, vrolikheid en fantastiese kos nie! So lekker dat ons dit Sondagaand voortgesit het by huise Raimond.

Voetspore

Jaaa, maters, dis weer sulke tyd. Die tyd van winter. En om dit nog erger te maak vir sekere jong dames, ook genoem Magriet, blaf die honde in die Villieria-omgewing elke nag hulle hondelonge uit. Of so kon die inwoners van die mooi en rustige (behalwe dan vir die honde) Moot in die befaamde koerant *Rekord* lees. Ons hoop dat die redaksie van die Olielamp die brief raakgesien het, want met sulke oortuigende skryfstyl (die honde was met stomheid geslaan) moet mens net M. Smit 'n paar artikels laat skryf. M. Smit se ervaring in die skryfkuns het ontstaan as gevolg van 'n buitensporige ge*chat* op die universiteit se *website*. Belangstellendes kan gaan kyk by www.up.ac.za – dis heel interessant. Magriet meen naamlik in die webtuiste se besprekingsafdeling dat sy kennis het van sowat alles wat om ons gebeur. Selfs van melkkoeie en – snaaks genoeg – Grand Prix. Die res kan die leser self uitdink.

Nog 'n brokkie stokou nuus: die wat nog nie weet nie, Patty en Henriëtte is verloof! Dis nou mos 'n nuusbrokkie en 'n half! Die Voetspoor wil sy hartlike gelukwensing aan die twee oordra en sterkte toewens vir die pad vorentoe.

Tanya was êrens in die afgelope tyd ook nog Kaap toe. Ondanks die feit dat sy nie "met stralende oë" teruggekom het nie, om nou 'n ou Voetspoor-cliché te gebruik, het sy dit – as mens so die lofgeskal aanhoor – baie geniet. Die Pretoriase tak van die Olielamp wil egter vir Antoinette Raimond, ons suster uit ons sustergemeente te Kaapstad, vra of sy dalk na Tanya se besoek hardhorend is en nie dalk 'n *voucher* van R5,87 wil kry vir behandeling aan die ore nie.

En laat ons tog nie vergeet van die bitterkoue ondervinding wat die jeug gehad het by Bouwmeester se plaas nie! Daar is 'n aand daar oorgeslaap en dit was gekoppel aan 'n hele aantal aktiwiteite. Dit is eers aangekondig as Lewendige Stratego, maar dit het toe ontaard in 'n Mafia vs James Bond-spel, maar dan tog met so ongeveer die reëls van Stratego. Die gevolg: 'n rondhardlopery en 'n paar taktiese flaters, soos Frans wat gevang word deur Marlies nadat sy valslik geïnsinueer het dat sy hom lieftallig wil

toespreek … Jako Lubbinge was die beroemde James Bond, maar ondanks sy naam het hy nie *snowboarding* in die Sahara gedoen op ‘n verlate boomstomp nie, nee, dié man het hom onsigbaar gemaak en dan soos ‘n adder vir Al Capone en Kie uitgehaal. Derek se destruktiewe insettinge kon die Mafia nie baat nie. Geregtigheid het oorwin en die hele Mafia het ‘n stille verlies gely.

Kongres 2003

Daar word gesê “alle goeie dinge kom met die tyd”. Daarom wil ons beweer dat Kongres 2003 die “ma” van alle kongresse gaan wees. Vanaf **23 tot 27 Desember** hoop ons om by die **kampterrein Gilboa** ons jeug saam sterker te maak met die **tema: Ons eenheid in Christus**. ‘n Ultradinamiese reëlingskomitee is reeds kliphard aan die werk om alles gereed te kry om 2003 die kongres van die eeu te maak!
Hou die Olielamp dop vir verdere inligting...

Die aand na die braaiery was daar ‘n tipe *quiz*, en hierin het niemand anders as die berugte Boudjies ‘n rekordgetal afdelings gewen nie. Hy het gedugte weerstand gebied teen erkende *quiz maniacs* soos Iwan, Cornelis en Growling Gerrit Brrrrrrrron. Laasgenoemde se naam het ontstaan met die verloop van die aand en daaroor sal nie verder uitgebrei word nie. Een ding het wel opgeval: Johan de Vente sou miskien wel almal oorwin het in die *quiz* (hy het naamlik keer op keer elke antwoord hardop gesê), maar tog het hy nie so baie deelgeneem nie. Maar mens weet nooit met hom nie: miskien druis dit teen sy slaapkultuur in. In elk geval, Boudjies was so soort van die held van die aand, want ná dit het hy almal verbaas met perfekte akteurswerk toe hy omtrent die hele wêreldbevolking nagespeel het. Van Bill Clinton tot Floris, van FIFA ’99 se triomfdansies tot die haka, Boudjies kan dit doen. Toe Boudjies 10 uur klaar was met sy toneelspel, het Johan – luid juigend – bedwaarts gekeer. Hy geld nou al as wêreldklas in sy spesifieke sportsoort. Die wêreldranglys van slapers is soos volg: 1. Gijs Gans – 100 287 punte, 2. Doringrosie – 100 063 punte en 3. is ons eie Johan – 100 054 punte. Gerrit en Janita is op die 100 092 093 895 686ste plek, twee plekke laer as voorheen, want hulle het dié nag niks geslaap nie. En daardeur het Magriet, wat 1 uur geslaap het, hulle albei ingehaal. Die redaksie wil wel graag vir Johan met hierdie paar woordjies van motivering ‘n goeie toernooi toewens as hy een van die dae na Bloemfontein reis vir die wêreld-slaapkompetisie (WSK).

Die nag was erg. Erg koud, en die volgende oggend was almal bly toe Cornelis en Kie die vuur aansteek. Maar tog het almal vroeg weggegaan, want meeste mense het nog iets gehad om te doen by die huis.

Rinus Kamphuis is weer in ons midde! Skynbaar het hy sy familie (en spesifiek Anja) geweldig gemis en moes toe net Suid-Afrika toe gaan. En hy het nog nie voet aan land gesit nie, of daar gaan Anja weg! Blykbaar bly hy nou waar Anja gebly het, en sy waar hy gebly het. Deur Anja se vertrek gaan daar ‘n akute haargroei-aksie onderneem word onder ons jeuglede (of so word voorspel), want wie moet nou ons hare sny?

En daarmee groet ek weer. Met ‘n groot wens: deurstaan asseblief die koue, die honde, die roomyskarretjies, spinasie. Alles sal regkom.

Gegroet

NOG IETS

'N STUKKIE NAVORSING TOON...

As jy ooit die wonderlike rondsirkeling van 'n kolibrie om 'n vloeistof-voerder dopgehou het, kan jy nie anders as om 'n groter betekenis aan die woord ONTSAG te heg nie. Met min of meer 300 verskillende spesies wêreldwyd, is die kolibrie die kleinste voël in die natuur. In gewig selfs minder as 'n tiende van 'n ons, is die ooreenkomste van die kolibrie met 'n helikopter verstommend. Hierdie lugakrobaatjies vlieg agtertoe, vorentoe en sywaarts en hang met onsigbaar vinnige vlerkslae tussen hemel en aarde. Hulle vlerke klap 'n ongelooflike 80 keer per sekonde en hulle hart klop 'n duisend keer per minuut. Hulle asem 250 keer per minuut in en die tempo van hulle metabolisme is só vinnig dat dit onophoudelik gevoed moet word.

Die nes van die kolibrie is skaars die grootte van 'n posseël, gemaak van distelwol en spinnerakke. En in hierdie klein voëltjie is ingebou een van die mees komplekse vliegmeganismes bekend. Hulle vlerke roteer by die skouerpotjies, wat hulle die helikopteragtige beweging gee. Om hierdie hoë-energie aksie vol te hou, kry kolibries hulle brandstof van plantnektar, wat 'n hoë suikerinhoud het. As hulle bo 'n blom hang, kan hulle 13 slukkies nektar per sekonde inneem deur spesiaal-gevormde snaweltjies en tonge wat hulle toelaat om die nektar diep in die blom by te kom. Hulle moet ook onthou watter blomme hulle leeggemaak het en in 'n sirkelgang daarna terugkeer, sodat die blomme wat hulle reeds besoek het, kans kry om weer nektar te produseer. Hulle kan nie bekostig om energie te vermors deur te probeer om nektar uit leë blomme te kry nie.

Wetend dat daar geen ander voël of pre-voëlskepsel (lewend of in fossiel) bestaan wat ook maar in die kleinste mate ooreenkomste met die kolibrie met sy unieke eienskappe toon nie, is die verstandige en enigste ding om te doen om eenvoudig te erken dat hier weereens 'n sprekende voorbeeld is van ons Skepper se verstommende ontwerpe.

Uit: *Unlocking the Mysteries of Creation*, D. R. Petersen (Creation Resources Publication: 2002) p. 116

VERJAARSDAE

Bethal	
Carma Coetzee	16-Jul
Jeanné Botha	18-Aug
Elize Botha	25-Aug
Johannesburg	
Riekert van Lith	02-Jul
Maryna Bijker	22-Jul
Kaapstad	
Antoinette Raimond	01-Jul
Carina van Alten	06-Aug
Ewart Antonides	10-Aug
Maranata	
Bea Bruintjes	04-Jul
Corneel Hagg	09-Jul
Elisabeth Aartsma	20-Jul
Roelanie de Geus	22-Jul
Linda de Vente	25-Jul
Ria de Vries	02-Aug
Pretoria	
Martyn Ros	01-Jul
Ruard Stolper	02-Jul
Leonie Schoeman	10-Jul
Marlies Kleyn	17-Jul
Risella Miske	20-Jul
Tineke Hagg	28-Jul
Wilma Lubbinge	03-Aug
Hilde Ros	05-Aug
Laurike Bosker	21-Aug
Albert Smit	22-Aug
Anja Kamphuis	22-Aug